4 V

Respek. Eenheid. Trots

# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

IMMER VOORWAARTS

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

24 April 2026
**NUUSBRIEF 14/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Laerskool Sport: Rugby -** Baie geluk aan **Luan du Toit** wat opgeneem is in die Noord-Boland o.13 rugbyspan. Ons is baie trots op jou, Luan! Sterkte vir die volgende proewe.

   **Netbal -** Die Wynland-Noord netbalproewe het gister in Worcester plaasgevind. **Caitlyn du Toit** is opgeneem in die Wynland-Noordspan en dring nou deur na die Wynlandproewe. Sy neem Saterdag, 9 Mei, deel in Stellenbosch. Ons is ongelooflik trots op haar en wens haar baie sterkte toe.

   Die uitslag van die afgelope week se wedstryde is aan die einde van die nuusbrief aangeheg.

2. **Hoërskool Sport:** Ons het 'n rowwe twaalf dae gehad waarin ons 4 wedstryde moes speel. Die uitslag van hierdie wedstryde is aan die einde van die nuusbrief aangeheg. Ons junior hoërskoolspanne vaar tans baie goed, terwyl ander hoogtepunte die wen van ons o.19A-Rugbyspan teen 'n sterk span van JGT, asook die naelskraapse verloor van ons o.19A-Netbalspan teen Montagu, insluit. Aan al ons spanne: Hou aan hard werk – die resultate sal kom! Dankie aan elke afrigter vir die tyd en opoffering wat julle insit, asook aan ons ouers vir hul ondersteuning.

3. **Wintersdrag:** Dit begin reeds koeler raak in die oggende, maar ons weet uit ondervinding dat daar nog 'n klompie baie warm dae voorlê. Om daardie rede is ons tans in 'n oorgangsfase wat kleredrag betref. Leerders wat maklik koud kry mag solank hul wintersdrag begin aantrek, terwyl die res steeds kan voortgaan met hul somersdrag. Op **4 Mei** sal ons amptelik oorgaan na volledige wintersdrag en dan moet al die Bonnies korrek geklee wees. Ouers moet asb. solank seker maak dat die wintersdrag gereed is (dasse ingesluit vir die klasse wat dit moet dra, en dat kledingstukke nog pas). Moenie te lank wag om u kind se klere te kontroleer nie.

4. **Matrieksertifikate 2025:** Die amptelike NSS-sertifikate van ons Matrieks van 2025 is ontvang. Die Matrieks behoort 'n SMS te ontvang dat hulle dit kan kom afhaal. Kandidate MOET asb. 'n ID-bewys kan toon voordat die sertifikaat oorhandig mag word.

5. **Mnr & Mej HSB:** Kaartjieverkope is nou oop! Kom ondersteun ons finaliste by Mnr & Mej HSB 2026 – 'n aand vol styl, kultuur en talent. Kaartjies is beskikbaar elke tweede pouse in juf Landman se klas.

   **Datum:** 20 Mei 2026
   **Prys:** Enkel - R40 / Combo - R60 (kaartjie, hamburger en koeldrank)

6. **Akademie:** Ons vra graag ons ouers se ondersteuning om u kind te help motiveer om goed voor te berei vir die komende eksamen. Daar is nog net 5 weke oor voordat leerders begin skryf. Dit is belangrik dat hulle deurgaans werk aan veral die vakke waarin hulle minder goed presteer. Eksamens is dikwels moeiliker as toetsreekse aangesien meer werk getoets word. Leerders kan sorg dat hulle gereed is daarvoor indien hulle nou reeds begin om stukke werk te bemeester. Leerders moet ook die twee langnaweke wat voorlê benut om seker te maak hulle werk is op datum sodat hulle nie daarmee moet sukkel wanneer hulle moet leer nie. Ons Graad 12's sal hierdie eksamen departementele vraestelle skryf.

7. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 24 Apr | Rian Boshoff verjaar |
| Wo. 29 Apr | Jan du Toit verjaar<br>HS Sport vs Ashton Sekondêr (weg) |
| Vr. 1 Mei | Werkersdag (Vakansiedag) |
| Di. 5 Mei | LS Sport vs LS Robertson (weg) |
| Wo.6 Mei | Juf Chameron Mathys verjaar |
| Do. 7 Mei | LS Sport vs LS Dagbreek (weg)<br>HS Netbal vs Hexvallei (weg) |
| Vr. 8 Mei | Wilna Baatjies verjaar |
| Sa. 9 Mei | HS Sport vs HS Bredasdorp (weg) |
| Wo. 13 Mei | HS Netbal vs HS Robertson (tuis) |
| Sa. 16 Mei | LS Montagu Sportdag |
| Wo. 20 Mei | HS Sport vs Swellendam Sekondêr (weg) |
| Vr. 22 Mei | LS Swellendam Sportdag (O.7 – O.9) |
| Sa. 23 Mei | LS Swellendam Sportdag (O.10 – O.13)<br>HS Sport vs Montana (weg) |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

**"Jou lewe is die som van al die keuses wat jy maak"**
**+ - x ÷**

# Rugby- en Netbaluitslae

**Rûens Kollege Sportdag - 18 April 2026**

| Netbal | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **SPAN** | **TEEN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 A | Struisbaai Primêr | 3 | 0 | W |
| | Gansbaai | 2 | 0 | W |
| | Rûens Kollege | 4 | 7 | V |
| 9 A | Struisbaai Primêr | 23 | 0 | W |
| | Gansbaai | 15 | 2 | W |
| | Rûens Kollege | 10 | 1 | W |
| 11 A | Struisbaai Primêr | 9 | 0 | W |
| | Gansbaai | 2 | 5 | V |
| | Rûens Kollege | 7 | 1 | W |
| 13 A | Struisbaai Primêr | 16 | 1 | W |
| | Gansbaai | 6 | 3 | W |
| | Rûens Kollege | 13 | 7 | W |

| Rugby | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **SPAN** | **TEEN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 | Gansbaai | 7 | 4 | W |
| | Rûens Kollege | 1 | 4 | V |
| 9 | Struisbaai Primêr | 1 | 4 | V |
| | Gansbaai | 1 | 4 | V |
| | Rûens Kollege | 0 | 3 | V |
| 11 | Struisbaai Primêr | 5 | 0 | W |
| | Gansbaai | 5 | 10 | V |
| | Rûens Kollege | 5 | 5 | G |
| 13 | Struisbaai Primêr | 30 | 0 | W |
| | Gansbaai | 15 | 5 | W |
| | Rûens Kollege | 30 | 5 | W |

## Bonnievale Primêr - 22 April 2026

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| SPAN | PUNTE VIR | PUNTE TEEN | W/V |
| 7 A | 3 | 3 | G |
| 7 B | 0 | 0 | G |
| 8 A | 1 | 6 | V |
| 8 B | 0 | 2 | V |
| 9 A | 1 | 2 | V |
| 9 B | 3 | 8 | V |
| 10 A | 9 | 6 | W |
| 10 B | 1 | 4 | V |
| 11 A | 5 | 4 | W |
| 11 B | 5 | 2 | W |
| 12 A | 6 | 7 | V |
| 12 B | 1 | 4 | V |
| 12 C | 4 | 4 | G |
| 13 A | 13 | 5 | W |
| 13 B | 14 | 4 | W |

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| SPAN | PUNTE VIR | PUNTE TEEN | W/V |
| 7 | 0 | 2 | V |
| 8 | 3 | 5 | V |
| 9 | 1 | 4 | V |
| 11 A | 5 | 19 | V |
| 11 B | 0 | 24 | V |
| 13 | 29 | 12 | W |

## Curro Hermanus - 18 April 2026

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| SPAN | PUNTE VIR | PUNTE TEEN | W/V |
| o.14A | 26 | 9 | W |
| o.14B | 26 | 10 | W |
| o.15A | 14 | 9 | W |
| o.16A | 7 | 8 | V |
| o.19A | 27 | 8 | W |

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| SPAN | PUNTE VIR | PUNTE TEEN | W/V |
| o.15 | 36 | 7 | W |
| o.19 | 18 | 0 | W |

## Hoërskool Montagu - 22 April 2026

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| SPAN | PUNTE VIR | PUNTE TEEN | W/V |
| 14 A | 15 | 13 | W |
| 14 B | 15 | 6 | W |
| 15 A | 7 | 21 | V |
| 16 A | 9 | 18 | V |
| 16 B | 5 | 11 | V |
| 17 A | 8 | 19 | V |
| 19 B | 10 | 14 | V |
| Eerstespan | 20 | 22 | V |

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| SPAN | PUNTE VIR | PUNTE TEEN | W/V |
| 15 | 22 | 12 | W |
| 17 | 26 | 3 | V |
| Eerstespan | 55 | 9 | V |